1. Petrus se skoonma

Matt 8:14-17, Mark 1:29-34, Luk 4:38-41

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **25 MIN**

- Vertel van 'n wonderwerk in jou eie lewe
- Vertel van 'n wonderwerk in iemand wat jy ken se lewe

AANBIDDING: **5 MIN**

Maak 'n lys van al die wonderwerke wat genoem is en dank God dat Hy dit laat geskied het uit genade.

BYBELSTUDIE: **25 MIN**

Lees Matt 8:14-17, Mark 1:29-34, Luk 4:38-41

- Waarom dink jy het Jesus, Petrus se skoonma genees?
- Waarom het sy Hom bedien?
- Hoe voel jy as jy lank siek was?
- Wat keer dat ek mense dien as ek nie lekker voel nie?
- Hoe kan ons die mense wat ons genees/versorg bedien?

DIENSWERK: **15 MIN**

Bespreek hoe jy die week jou ouers gaan bedien.

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Vra 4 mense om vanaand te bid. Elkeen bid een van die dele van die gebed. Bespreek voor die tyd waarvoor julle graag wil bid in terme van die volgende:

1. Dankbaarheid: Waarvoor is julle dankbaar?
2. Lofprysing: Waarvoor wil julle die Here loof?
3. Smeking: Wat wil julle van die Here vra?
4. Voorbidding: Vir wie wil julle bid en waarvoor?

ADMINISTRASIE: **5 MIN**